

### **Die woord is magtig om julle op te bou**

Niks wat enigiemand in die erediens wil invoer, of dit is om atmosfeer te skep, of om aktiewe deelname by lidmate te skep, mag ooit die Woord van die Here verdring nie. Luister maar hoe onderrig Paulus die ouderlinge van die gemeente in Efese: “Nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het” (vs 32). Paulus was volledig instrument in die hand van die Here, waarmee die Here self hierdie ouderlinge toegerus het vir hulle dienswerk in die gemeente:

- om die gemeente op te pas, soos wagtters 'n kudde versorg;
- om die gemeente te waarsku en saam met hulle waaksaam te wees teen valse leer, teen hulle wat nes wrede wolwe daarop uit is om 'n kudde te vernietig.

En noudat hy die ouderlinge en die gemeente geleer het, staan Paulus terug. Dit gaan immers nie oor hom nie: “Die woord is magtig om julle op te bou.” En steeds is God se Woord aan ons die bron waaruit ons leef, die lig op ons pad. Wat ons onderrig en toerus, wat ons oproep tot waaksaamheid, wat ons perspektief gee op 'n ewige heerlikheid.

So het die profete van die Ou Testament dit ook gedoen. 'n Profeet was nie 'n toekomsvoorspeller nie, hy was 'n tolk. Sy taak was om die woord van die Here te hoor en dit aan die volk oor te dra. 'n Profeet kon nie met sy eie gedagtes kom nie – hy moes God se boodskap vertolk en oordra aan die mense. Daarom kon hulle sê: So spreek die Here!

En tot vandag toe staan die kragvolle werking van God se Woord sentraal in ons lewens, ja, is die Woord steeds magtig om ons op te bou. Hoor maar hoe Jesaja dit aan ons profeteer: “As jy deur water moet gaan, sê die Here, is Ek by jou; deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God.”

Dit is hierdie Woord wat ons laat deel in die seëninge wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het: “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.” Saam met Dawid bely ons: “Die mens is soos gras en al sy prag soos 'n veldblom: die gras verdor en die blom val af, maar die Woord van die Here, dit bly vir ewig!” En saam met Petrus getuig ons: “Hierdie Woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.”

*Sing: Psalm 40:3 (1936)*

*Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*